# HOEPHOEP



Januarie 2026
Jaargang 31 (1)
Nr. 148

# UIT DIE VOORSITTER SE NES

## BIRDLIFE WESVAAL 2026

Met ’n oogwink het 2025 verdwyn. ’n Splinternuwe jaar lê voor, met 365 dae vol geleenthede, verwagtinge en opwindende avonture wat wag om ontdek en gedeel te word. ’n Jaar vol potensiaal om nuwe plekke te besoek, nuwe voëlspesies te lys, vriendskappe te versterk en herinneringe te skep wat lank sal bybly. Dit is ’n jaar wat die bestuur elkeen nooi om nuuskierig te wees, om uit te gaan, om te kyk, te luister en saam te leer.

So, wat is jou planne vir die nuwe jaar? Het jy al begin droom en beplan? Hoeveel voëlspesies is reeds op jou lys vir 2026, en hoeveel wag nog om bygevoeg te word? Waarheen gaan nuwe voël roetes jou neem, en na watter nuwe plekke gaan jy?

BirdLife Wesvaal nooi elke lid om weer te dink oor hul verwagtinge en doelwitte vir 2026. Wat hoop jy as lid om uit die klubaktiwiteite te haal? Wat kan jy bydra om die klub lewendig, relevant en inspirerend te hou?

‘n Klub floreer slegs wanneer lede betrokke is, wanneer idees gedeel word, wanneer hande gevat word, wanneer kennis oorgedra word en wanneer almal saam op uitstappies, projekte en aktiwiteite gaan. Jou deelname gaan ‘n verskil maak, of jy nou gereeld voëlkyk, nuut in die wêreld van voëls is, of net die natuur geniet.

Laat 2026 ’n jaar wees waarin ons nie net kyk nie, maar saam gaan beleef. Die bestuur sien uit daarna om die jaar saam met jou aan te pak. Maak jou dagboek oop, pak jou verkyker in en wees deel van die avontuur.

Welkom by 2026, ’n nuwe jaar, ’n nuwe begin, en baie nuwe voëls om te ontdek !

# KLUBAANDE

## BIRDLIFE WESVAAL ALGEMENE JAARVERGADERING

BirdLife Wesvaal se jaarlikse aktiwiteite is op ’n hoë noot afgesluit met die Algemene Jaarvergadering op Donderdagaand 6 November 2025, by die Elgro Hotel in Potchefstroom.

’n Totaal van 54 klublede en vriende het die gesellige en betekenisvolle geleentheid bygewoon.

Die aand is afgeskop met die notule van die Algemene Jaarvergadering van 2024, die goedkeuring van die 2024-verslae, die voorlegging van die finansiële state en die voorsittersverslag vir 2025.

Ná die formaliteite is alle gaste bederf met gevulde pannekoeke – soet én sout. Dit is voorberei deur Elgro Hotel se personeel en geborg deur BLWV.




’n Hoogtepunt van die aand was ons gasspreker, John Kinghorn, Avitourism Project Manager van BirdLife South Africa. John het reeds ’n indrukwekkende 880 voëlspesies self waargeneem en het die gehoor geboei met sy tema:

“*Honeyguides to Oxpeckers – Life Lessons from Birds.”*

John het met entoesiasme en kundigheid die uiteenlopende voëlspesies bespreek. Hul besondere kenmerke en uithou vermoëns om aan te pas en te oorleef in 'n veranderlike wêreld. John het die kenmerke beskryf en van toepassing gemaak oor hoe ons as mens by dié besondere voëls kan leer.

Die Rooibekrenostervoël (Red-billed Oxpecker), die Voël van die Jaar 2025 het met baie lae spesie getalle 'n paar jaar gelede, 'n suksesverhaal van oorlewing en suksesvolle aanpassing bereik.

Mannetjies van die kleurvolle Birds of Paradise maak deur gedrag in die woude 'n area skoon. Elke blaartjie word verwyder en met sy sang en besondere danspassies lok hy die guns van wyfies ten einde die voëlspesie se voortbestaan te verseker. Die namaak van besonder klanke van en in die woud is ‘n unieke kenmerk van die voëlspesies.

John het ook gesels oor Rory, die troupand wie se migrasie reis na China vanaf Suid Afrika dag vir dag gemonitor word met ‘n "tracker” op sy rug. Waardevolle inligting soos data van vliegtyd, rustyd, die spesifieke roete wat gevolg word, word opgeteken en bestudeer.

John het verduidelik hoe ons as mense waardevolle lewenslesse by die voëlspesies kan leer. Die praatjie was uniek en insiggewend. John se passie vir voëls, bewaring en navorsing is werklik aansteeklik, en sy bydrae was ’n ware hoogtepunt vir BirdLife Wesvaal 2025.

BirdLife Wesvaal het die klub se dank uitgespreek teenoor Johan Yssel en Zybrand Lombaard, twee toegewyde bestuurslede wat hul termyne voltooi het. Hul harde werk en volgehoue betrokkenheid het ’n merkbare bydrae gelewer tot die klub se sukses in 2025.



Tydens die vergadering is Corrie Venter en Tjaart van der Merwe genomineer vir die vakante portefeuljes en is hartlik verwelkom in die bestuurspan. Die nuwe bestuur is geluk en sterkte toegewens met die beplanning en uitdagings wat 2026 inhou. Lede is aangemoedig om hul voorstelle en idees vir volgende jaar se aktiwiteite met die bestuurspan te deel.



Die aand is afgerond met verversings en saamkuier. Die warmte, vriendskap en gedeelde liefde vir voëls en die natuur - die kern wat BirdLife Wesvaal so uniek maak - was duidelik teenwoordig.

Die voorsitter het namens die klub sy dank uitgespreek aan elke lid, vriend en bestuurslid wat in 2025 bygedra het tot 'n jaar vol groei, avontuur en mooi herinneringe.

## BIRDLIFE WESVAAL – PORTEFEULJES 2026

| POSISIE | NAAM | VERANTWOORDELIKHEDE |
|---|---|---|
| **BESKERMHEER** | *Rudy Ersasmus* | Beeld van BLWV |
| **VOORSITTER** | *Pieter Labuschagne* | • Lei van vergaderings<br>• Uit die voorsitter se nes<br>• BLSA verslae<br>• Skakeling met BLSA<br>• Bywoon van Noord-streek vergadering<br>• Fondsinsameling<br>• Griffon Rehabilitasiesentrum |
| **O/VOORSITTER** | *Tjaart van der Merwe* | • Jaarafsluiting<br>• Bevordering van BLWV<br>• Assisteer Voorsitter<br>• Jaarprogram |
| **SEKRETARIS/ NOTULEHOUER** | *Lawren Oelofse* | • Notule en agenda<br>• Rekords en argief<br>• BLWV Jaarlikse Spesielys |
| **TESOURIER** | *Corrie Venter* | Finansies en banksake<br>• BLWV Ledegeld<br>• BLWV Ledelys<br>• Verkope |
| **MEDIA** | *Lounell White* | • Kommunikasie<br>• HoepHoep<br>• Sosiale media: Facebook, WhatsApp en Webwerf<br>• Skakeling met die Herald |
| **AKTIWITEITS KOÖRDINEERDER** | *Lieske Burger* | • Skakeling met ander klubs<br>• Uitstappies<br>• Nuwe lede<br>• Naamkaartjies<br>• Klubaande<br>• Verversings |
| **BLWV PROJEK KOÖRDINEERDER** | *Linda Marais* | • Valkietelling<br>• Uilkaste<br>• Ringing<br>• Kursusse<br>• Animal Farm, Fochville<br>• Rheinmetall<br>• Prozesky |
| **NASIONALE PROJEK KOÖRDINEERDER** | *Alet Steyn* | • Birding Weekend by Elgro River Lodge<br>• Birding Big Day<br>• CWAC (Coordinated Waterbird Counts)<br>• CAR program (Coordinated Avifaunal Road counts)<br>• Birdlasser en<br>• SABAP2 (Southern African Bird Atlas Project 2) |

# BIRDLIFE WESVAAL JAARPROGRAM – 2026

| | KLUBAAND / SPREKER | DAGUITSTAPPIE | NAWEEKUITSTAPPIE |
|---|---|---|---|
| JANUARIE | Geen Klubaand | ??/01<br>Valkietelling<br>(Linda & Hentie)<br><br>31/01<br>CWAC @ Vaal Bird Club<br>(Alet) | |
| FEBRUARIE | 05/02<br>16:30 - SABAP2<br>18:30 - Klubaand<br>Stephan Terblanche<br>- Vasvra<br>(Alet) | 21/02<br><br>Marievale NR<br><br>(Lieske) | |
| MAART | 05/03<br>18:30 – Klubaand<br>Renier Terblanche<br>(Lieske) | | 20 – 22/03<br>Birding Festival<br>Elgro River Lodge |
| APRIL | 09/04<br>18:30 – Klubaand<br>Klubtoere (x2)<br>(Lieske) | | 24-27/04<br>Sedibeng Game & Conference Lodge, Brits<br>(Lieske) |
| MEI | 07/05<br>18:30 – Klubaand<br>Johnny van den Berg<br>(Lieske) | 16/05<br>Faan Meintjies NR<br><br>(Lieske) | |
| JUNIE | 04/06<br>18:00 – Klubaand<br>Sjop & Sjerrie<br><br>Vasvrakompetisie<br>(Alet/Corrie) | 06/06<br><br>Aloe Farm<br><br>(Lieske) | |
| JULIE | Geen Klubaand | | |
| AUGUSTUS | 06/08<br>18:00 – Klubaand<br>Hanneline Smit-Robinson<br>(Lieske) | 30/08<br>CWAC @ Vaal Bird Club<br>(Alet) | 28-31/08<br>Groot Marico<br><br>(Lieske) |
| SEPTEMBER | 03/09<br>18:30 – Klubaand<br>"Show & Tell"<br>(Lieske) | 19/09<br>Wolwespruit NR<br><br>(Lieske) | |
| OKTOBER | 08/10<br>18:30 – Klubaand<br>Jessica Wilmot<br>(Lieske) | 10/10<br>Atlas in Vredefortkoepel<br>(Alet) | |
| NOVEMBER | 05/11<br>18:30 – Klubaand<br>- Algemene Jaarvergadering<br>- John Kinghorn | 7/11<br>Abe Bailey NR<br><br>(Lieske) | 13-15/11<br>Luneburg, Wakkerstroom<br><br>(Lieske/Kobus Fourie) |
| DESEMBER | Geen Klubaand | ??/12<br>Birding Big Day | |

Die jaarprogram is onderhewig aan veranderinge.

# DAGUITSTAPPIE

## DAGUITSTAPPIE NA BUISFONTEIN

Saterdagoggend 8 November 2025 het 10 lede van BirdLife Wesvaal die uitstappie na Buisfontein naby Hartebeesfontein verteenwoordig. Die dag het 7:00 begin, by die afdraai vanaf die R507 na die kampterrein van Buisfontein. Lede was eers bekommerd oor die reën vroegoggend maar die oggend het heerlik sonskyn gehad met die omgewing wat baie mooi en groen is.

Die vier kilometer pad na die kampterrein is omring met wildplase, met ‘n groot verrassing om ook kameelperde, talle boksoorte en twee mooi groot maanhaar leeus te sien totdat hulle die kampterrein bereik het.

Die kampterrein is in ‘n groot kloof geleë met ‘n waterstroom wat die terrein deurkruis. Van die groeplede het die Koppies uitgeklim, en almal het die paadjies langs die stroom gestap. Bo en behalwe die mooi natuur kon die  groep 45 voël spesies afmerk, en gesamentlik ‘n hele paar mooi foto’s neem. Johan Yssel  en Ronel Roscher het hulle foto’s saam gevoeg om aan die klub lede te wys watter spesies gesien is, soos die Bruinkopvisvanger (Brown-hooded Kingfisher), Oranjeborsboslaksman (Orange-breasted Bushshrike), Piet-My-Vrou (Red-chested Cuckoo), en Witkeeljanfrederik (White-throated Robin-Chat). Dit is beslis ‘n kampterrein om weer te besoek. Die volgende foto’s word met BirdLife Wesvaal lede gedeel.
























*Johan Yssel*

# NAWEEKUITSTAPPIE

## BOTSALANO NATUURRESERVAAT NAWEEK

‘n Groep van agt lede van BirdLife Wesvaal het die naweek van 13 -16 November 2025 by Botsalano Natuurreservaat in die Magobe tentkamp se vier tente gebly. Botsalano is ‘n Noordwes park en dit is naby aan die Botswana grens, ongeveer 235 kilometers vanaf Potchefstroom.

Ivan en Danie is op hul eerste klubuitstappie verwelkom. Danie en Tilani was bobaasvuurmakers met ‘n vuur wat selfs die reën nie kon blus nie!

Die habitatte is grasveld, savanna en begin van Kalahari. Dit het al die seisoen gereën so die veld was mooi groen en daar was baie water en ook wild.



Botsalano en omgewing is van die min plekke in Suid Afrika waar die Kortkloulewerik (Short-clawed lark) voorkom so dit was spesiaal om dié voël te sien. Ander spesiale voëls die naweek gesien was die Hoëveldklappertjie (Eastern Clapper Lark) met sy kenmerkende fluit en vlug, Gebande Sanger (Barred Wren-Warbler), Gestreepte visvanger (Striped Kingfisher), Swartaasvoël (Lapped-faced Vulture) asook Sekretarisvoëls (Secretarybirds). Ongeveer 130 voëlspesies is die naweek gesien.

Hulle het ook baie wild gesien en dit was goed om die renosters te sien wat kom water drink by 'n watergat. Nog 'n hoogtepunt was 'n baba springbokkie wat deur die ooi in die gras weggesteek was met net die oortjies sigbaar.



Die tentkamp is by 'n watergat en omdat dit so baie gereën het was daar paddas. In die aand was daar 'n harde paddakoor wat die heelnag gekwaak het.

Selfs tydens 'n reënerige naweek, bly Botsalano voorwaar 'n uitstekende natuurreservaat vir voëlkyk en daarom was dit 'n lekker naweek uitstappie.

# ARTIKELS

## 'N DAG VOL VOËLS, VRIENDE EN VERSTOMMENDE OOMBLIKKE

Birding Big Day 2025 het wéér bevestig hoekom BirdLife Wesvaal een van die mees dinamiese en passievolle voëlkyk gemeenskappe is. Op 6 Desember, lank voor die son sy eerste lig oor Potchefstroom, die Vredefort Koepel, Stilfontein, of Rustenburg gegooi het, was klublede reeds op die pad - met flitsligte, koffiebekers, verkykers en hoë verwagtinge. Die doel: om in net 24 uur soveel moontlik voëlspesies raak te sien.

Dit was 'n dag van rekord getalle - landwyd is 'n indrukwekkende 670 spesies aangemeld. Noordwes het sterk saamgespeel met 'n uitmuntende 350 spesies wat binne die provinsie bevestig is, en soos altyd was Wesvaal reg in die hart van die aksie. Van tyd tot tyd bring die natuur uiterstes: sommige jare is só warm en droog dat die damme opdroog en voëllewe skaars raak; ander jare, soos hierdie een, is die

riviere in vloed en die damme propvol – en ironies genoeg beteken dit weer eens dat daar minder voëls te sien is.

**Die Koepel se wonder van dagbreek tot skemer**



Die Vredefort Koepel het egter ’n skouspel gelewer wat min kan ewenaar. Van roepende Rooiwangnaguile (Rufous-cheeked Nightjars) in die donker ure tot die kleurprag van Kleinbyvreters (Little Bee-eaters), Witborsspreeus (Violet-backed Starlings) en selfs ’n Bontnuwejaarsvoël (Jacobin Cuckoo) in sy dramatiese swart vorm - die gebied het weereens gewys waarom dit ’n onskatbare biodiversiteitshoeksteen is.

Dit was ’n ervaring van wildheid, stilte, verrassing en pure verwondering, vir baie lede dus was dit meer as ’n lys van spesies.

**Spanne: Karakter, kreatiwiteit en ’n tikkie humor**

Een van die lekker dinge van Birding Big Day is altyd die spanname:

**Wacky Waxbills - 250 spesies**
Jonathan Breytenbach en sy span het met ’n tikkie kreatiwiteit en ’n sin vir humor dieselfde naam gekies wat pas by hul ware ywer. Hul het die dag afgesluit met ’n uitsonderlike 250 spesies, die hoogste telling in die hele Noordwes.

**Huismossies - 154 spesies**



Tilani Krog en haar ma, Martie, het hul span vernoem na die Huismossies wat al vir baie lank onder hul lapa broei - ’n naam wat hulle elke keer laat glimlag. Tilani se woorde som hul dag perfek op: *“’n Baie goeie dag! Ons het vier meer as verlede jaar gekry.”* Hulle Bosveldvisvanger (Woodland Kingfisher) -waarneming was die kersie op die koek.

**Bontrokkies — 141 spesies**
Marietjie Ferreira en Corrie Venter saam met Johan en Nicolette van Brakel, het een gepaste naam gevind: Hul het die naam Bontrokkies gekies omdat hul span soos hierdie klein voëltjie is: altyd wakker, orals in die Koepel, altyd gereed om iets raak te sien, en klink altyd vrolik! Sy helder kleure en “tjek-tjek” – houding pas die Bontrokkie perfek by die span se gees: klein, energiek … en met drie ‘rokkies’ en een ‘bonte’!”



"*Van die hoogtepunte het ingesluit die nes bouery van die* Rooibekkweleas (Red-billed Queleas), die Rooiborsswaels (Red-breasted Swallows*) die jongeling van die* Grootheuningwyser (Greater Honeyguide*) en die* Swartsperwer (Black Sparrowhawk*) was ook wonderlik net omdat hul moeilik is om te sien" het Corrie gesê*.

**Koepelkakelaars — 132 spesies**

Justus en Ronel Roscher, saam met die jong voëlentoesiaste Daleen en Elena Visser, het hul span vernoem na die "Koepel" -wat die hoof area was waar hul voëls gekyk het en "kakelaars" - vir alliterasie en om die voël element in te bring.



Ronel was verheug oor hul nuwe roete wat korter was as in 2024, maar 8 voëls meer as verlede jaar opgelewer het, insluitend die Oopbekooievaar (African Openbill) wat by Prozesky oorgevlieg het en die dramatiese swart vorm Bontnuwejaarsvoël (Jacobin Cuckoo) by Elgro.

**Hartbeesfontein Swifts — 118 spesies**

Bob Haagner en sy seun Gavin het hul streek met trots verteenwoordig. Hulle dag se hoogtepunte het ingesluit Witrugeend (White-backed Duck), Gebande Oewerswael (Banded Martin) en die Bergwagter (Mountain Wheatear).

**Dis die stories wat die dag onvergeetlik maak**

Marietjie het die kern van Birding Big Day vasgevang: *"Na 24 jaar se deelname aan BBD bly dit 'n belewenis, of dit die gesukkel met die weer is, of om 'n* Swartborsslangarend (Black-chested Snake Eagle*) in swak aandlig te ID… die natuur bly asemrowend. Soos om met jou eie oë te sien hoe 'n* Edelvalk (Lanner Falcon*) tussen die swerm swaeltjies invlieg om vlieënde termiete met sy pote te vang en in vlug te vreet!"*

Hierdie een sin vertel hoekom sy jaar na jaar vroeg opstaan vir dieselfde avontuur - want die natuur se skouspel speel af vir dié wat daar is om dit te sien.

**Plekke van ontdekking, data en diep betekenis**


Deur BirdLasser is 62 406 waarnemings vir die dag vasgelê - duisende datapunte wat nie net vir die klublede waarde het nie, maar ook vir biodiversiteitsdoelwitte en die streek se langtermynbewaring. Elke span - van uiters ervare veterane tot nuwe voël entoesiaste het 'n unieke bydrae gelewer.

Wanneer 'n mens die dag se lyste, foto's, stories en grappies saam lees, kom dit neer op een ding: Birding Big Day is nie net oor voëls nie - dit gaan ook oor mense. Mense wat saamstaan in die reën of son. Mense wat mekaar se opgewondenheid deel wanneer daardie onwaarskynlike spesie opduik. Mense wat jaar na jaar terugkom, want dit voel soos 'n familie-uitstappie… net met verkykers.

*Nicolette van Brakel*

## ROOIPENSREIER HOU HOM BAAS

In die verlede het Tommie Drinkwater verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om die Rooipensreier (Rufous-bellied Heron) te sien. Ure is by 'n dam in Centurion, waar hierdie voël vir baie mense 'n lewensling ("lifer") was, gespandeer. Die voël het, soos gewoonlik, tussen die biesies verskuil gebly.



Op 'n terugrit vanaf Cape Vidal na St Lucia in Julie vanjaar was dit egter sy gelukkige dag. Die Rooipensreier was oop en bloot by 'n dam langs die pad. Die hele tyd was hy op die uitkyk of 'n Ralreier (Squacco Heron) dit sou waag om ook na die dam te kom. Wanneer dit gebeur, het die Rooipensreier die Ralreier verwilder en agterna gesit. Hy het daarna weer na die dam teruggekeer en weer die wêreld bespied. Soms het hy sommer in die teerpad gaan sit.



*Tommie Drinkwater*

# OOS- EN WES-KAAP

Alet Steyn, Corrie Venter en Lounell White het 2024 begin beplan om ‘n Pelagic Voëlkyk bootrit, aangebied deur Zets of Birds, vanuit Houtbaai te doen. Hierdie ritte word gekenmerk deur die waarneming van albatrosse en stormvoëls.

Die liefde vir voëlkyk het hulle ook aangespoor om voëls te kyk in die Oos en Wes-Kaap. Hulle het die volgende plekke aangedoen:

**HOGSBACK.**

Dit is ’n dorp in die Amatolaberge sowat 30 km van Alice af. Die plek staan bekend vir sy natuurskoon met watervalle en inheemse bosse. Sekere van die boomreuse is van die oudste aangetekende eksemplare van hul spesie. Dit is ook ’n voëlkykparadys met plekke soos The Edge waar verskeie roofvoëls in vlug gesien is.




By die waterval is die **Bergkwikkie** (Mountain Wagtail) gesien. Die Arboretum moet ook besoek word want buiten talle voëls wat hier gesien kan word is die wandel tussen die reuse bome, watervalle en strome die moeite werd. **Lifers** wat hier waargeneem is was die Bloukatakoeroe (Grey Cuckooshrike) en Woudpapegaai (Cape Parrot).



**BOSBOKSTRAND**

Dit is 'n privaat natuurreservaat aan die Oos-Kaapse Wildekus tussen Haga-Haga en Cintsa, ongeveer 70 km van Oos-Londen. Dit was 'n voëlkyk verrassing! Die klein area het verskillende habittate soos die strandmeer, oop vlaktes en bosse. **Lifers** was die Rooiblestinker (Red-fronted Tinkerbird) en **Gryskopspeg (Olive Woodpecker).**



**PORT ALFRED**

Dit is kusdorp in die Sonskynkus waar die Kowie Rivier in die Indiese Oseaan mond. Hier het hulle van 'n voëlgids, Tim Cockroft, gebruik gemaak. Hy het baie moeite gedoen om die ontwykende voëlspesies uit te wys en interessante feite met hulle te deel. Die Sneeubal (Black-backed Puffback) daar het 'n meer kenmerkende oranje oog en die swart borsband by die **Geelborskleinjantjie (Yellow-breasted Apalis)** is afwesig. **Lifers** hier was Kaapse vuurvinkie (African Firefinch), Knysnaruigtesanger (Knysna Warbler), **Knysnaspeg (Knysna Woodpecker)** en die groot verrassing die **Koekoekvalk (African Cuckoo Hawk)**. Lounell se hoogtepunt was om die **Bosloerie (NarinaTrogon)** te sien.









## NATURE'S VALLEY

Dit is ’n klein dorpie op die Tuinroete. Dit lê tussen die Soutrivier, die voetbank van die Tsitsikammaberge, die Indiese Oseaan en die Grootrivier strandmeer. Dit is waar



dat mens net in die beboste strate kan loop om voëls te kyk. Die Lawaaimakerjanfrederik (Chorister Robin-Chat) het hulle vir ure vermaak met sy nabootsing van verskeie voëlklanke. Ongelukkig het sagte reën voëlkyk tyd in hierdie mooi dorpie beperk. **Lifers** wat hier gesien was is die **Grootswartvlerkkiewiet (Black-winged Lapwing)** en Bloukuifvlieëvanger (Blue-mantled Crested Flycatcher).



## HARTENBOS







Die beste voëlkykplek hier was die Waterwerke waar die waadvoëls en eende lustig gewei het. Verskeie sterretjies is in die riviermonde gesien. Hulle het eendag ook deurgery na George waar hulle die Garden Route Botanical Garden besoek het. Hierdie is ’n klein juweel met ’n wye verskeidenheid van habitatte. Daar is die **Gestreepte kanarie (Forest Canary)** en **Witkoljanfrederik (White-starred Robin)** gesien. Hulle het ook ’n dag gery en al die klein stranddorpies besoek

waar nog 'n **lifer**, die Overberglangbeklewerik (Agulhas Long-billed Lark) naby Boggomsbaai opgemerk is.

**HOUTBAAI**

In Houtbaai is hulle verwelkom deur die aanhoudende sang van die **Gryskoppie (Common Chaffinch)** ook 'n **lifer**. Sstormwinde het egter veroorsaak dat die bootrit gekanselleer is. Die beste van 'n slegte saak was om Kirstenbosch te besoek. Daar het die **Kaapse suikervoël (Cape Sugarbird)** gepronk en gesing asof die wind nie bestaan nie. Die toer is afgesluit met plesierboot rit na Duikereiland. Die laaste **lifer** die Grootnellie (Northern Giant Petrel) het hulle kom groet.





*Corrie Venter, Lounell White en Alet Steyn*

## GRYSKOPPIE

Hannelie en haar duikersvriend, Francois, het in September, op pad na Sodwana, 'n draai by Cape Vidal gaan maak. Ongeveer 'n week voor hulle vertrek, was dit in die nuus dat 'n hiëna 'n kampeerder aangeval het. Hannelie was redelik bekommerd oor die vakansie omdat sy beplan het om in 'n gewone ligte tent te gaan kamp. Die persoon wat Cape Vidal aanbeveel het, was heel rustig oor die hiëna en het gesê hulle is gewoonlik skaam, en dit is buitengewoon vir hulle om mense aan te val. 'n Vriend wat 'n groot liefde vir hiënas het, het ook vir haar gesê dit is moeilik om te glo want hulle is baie bang diere. Hannelie het toe moed bymekaar geskraap om wel te gaan.

Haar grootste oorweging om te gaan, was die geleentheid om 'n paar *lifers* op haar lysie te sit. Die uitsonderlike *lifer* sou egter eers die dag voordat hulle Sodwana toe ry, voor haar verkyker se lens inskuif. Op pad na die kamp was daar Dwerggansies (African Pygmy Geese) en 'n enkele Witrugeend (White-backed Duck). Hannelie het 'n paar keer vir Francois - wat wel voëlkyk, maar nie so entoesiasties is nie - laat draaie ry agter 'n voëltjie aan, maar gelukkig was hy baie geduldig. Die Dwerggansies was altyd op die lys van "Stop asseblief gou weer hier," en Francois het saamgekyk.

By die kamp het Hannelie 'n voëlkyker gekry wat saam met 'n gids gegaan het om in St. Lucia voëls te kyk. Die hoogtepunt van sy uitstappie was die Rooipensreier (Rufous-bellied Heron), wat volgens hom baie skaars is. Een middag op 'n paadjie na die vleiland net buite die kamp, het hulle toe iets sien opvlieg wat baie soos 'n reier gelyk het, met rooi in die vlerk. 'n Entjie verder waar digte oewerbos plek maak vir kort biesies, het Francois gestop en gevra watter klein reiertjie daar langs die pad loop.

Hannelie het dadelik haar verkyker gegryp, begin verduidelik van die oulike swartreier en hoe hy visse vang met ‘n oop gespreide vlerke, maar moes haar sin kortknip toe sy die pensie van die reier sien. Daar voor haar was die einste Rooipensreier.

Op dieselfde pad sien albei van hulle vir die eerste keer ’n bosvark. Die kleur was besonders en het nie heeltemal soos die prentjie in die boek gelyk nie. Die pad is toe ’n paar keer gery met die hoop om die bosvark weer te sien, en Hannelie was baie bly, want die pad was ’n voëltjie paradys.

Die Cape Vidal-ervaring het ook sy hartseer kant. Mense dink dit is baie oulik om diere te voer, maar hulle weet nie hoe dit die diere se lewens beïnvloed nie. Elke aand as hulle die kampvuur aangesteek het, het drie muskeljaatkatte op die stompe op die rand van die kamp tuisgemaak en kort-kort nader gekom in die hoop om iets te aas. Die hiëna was baie skaam, en die enigste een wat met hom te doen gekry het, was die ratel wat hul buurman se tent probeer oopkry het. Die buurman het die ratel verjaag, en toe die ratel weghardloop, het hy hom teen die hiëna in die kant van die bos vasgeloop. Dit blyk dat die ratel ook die storie gehoor het, want hy het vinnig terug gestorm en ’n ander pad gaan soek om weg te kom. Die ratel was op die ou end die grootste moeilikheidmaker en het oral in die vrieskaste probeer inbreek. Selfs Francois het een aand wakker geword van iets wat aan sy kar se waaiervel ruk, en skielik was daar ’n ontploffing.

Een mooi, windstil oggend is Hannelie vroeg uit en het naby die strand parkering die Rooskeelkolpensie (Pink-throated Twinspot) gesien. Sy het egter ook die Groenkolpensie (Green Twinspot) met ’n passie gesoek. Twee dae later het sy weer op dieselfde plek na die kolpensies gaan soek. Nader aan die parkeerterrein was daar ’n ou brandstoftenk wat vir haar heel buite werking gelyk het, maar daar naby het Geeloogkanaries (Yellow-fronted Canary) rond gepik. Sy het altyd gesukkel om die Geeloogkanarie van die Geelkanarie (Yellow Canary) te onderskei maar hier was die verspreiding in haar guns. Sy het na ’n voëltjie in die groep gekyk wat bietjie anders lyk en dadelik geweet: dit is iets wat sy al lankal soek. Dit was net ’n paar sekondes, maar sy het hom mooi gesien. Dit was die Gryskoppie (Eurasian Chaffinch)! In haar boek het haar blydskap verander in ontnugtering: die Gryskoppie kom net in die Kaapse Skiereiland voor, baie ver van waar sy haar bevind het.

Sonder ’n antwoord en sonder ’n definitiewe *lifer* het sy ’n bietjie verder gestap. Twee mense met verkykers het ná ’n paar minute van voor af gekom en Hannelie vra hulle toe oor die Gryskoppie. Die mense was ongelukkig Engels, en dit het hulle ’n oomblik geneem om die vertaling te doen, maar daarna was hulle baie opgewonde, want hulle was juis besig om na die Gryskoppie te soek - baie voëlkykers in daardie deel van die land probeer juis die voël daar sien. Hannelie het dadelik teruggestap en hulle probeer wys, maar die Gryskoppie en sy maatjies, die Geeloogkanaries, was nêrens te sien nie. Hannelie was in haar noppies, want dit was vir haar ’n bevestiging van wat sy gesien het.Dit was nog nie die einde van ’n baie suksesvolle voëlkyk oggend nie - op pad kry sy toe ook die Groenkolpensie, en haar dag was gemaak.

*Hannelie Kotzé*

# KAAPSE DRAAI

**Karoo Nasionale Park**


Die Karoo Nasionale Park was die eerste stop vir twee dae op pad Kaap toe. Alhoewel buie reën op pad in die omgewing kort-kort sigbaar was, was die park baie droog met geen teken van 'n Swartoorlewerik (Black-eared Sparrow-Lark) nie en die wild was oor die algemeen ook nie in 'n goeie kondisie nie en as enkelinge wyd verspreid.



Klipspringers was goed gekamoefleer en alte danig met mekaar. Seker nog jonk getroud.

Dit was heelwat goedkoper om in Beaufort Wes, 5 kilometer van die parkhek af te oornag en met die Wild Card daagliks heeltemal gratis toegang te kry.

Dit is 'n GROOT park. Die gedeelte naaste aan die ingang en die kamp tot en met die pers gedeelte of Potlekkertjie sirkelroete, is toeganklik vir 2X4 voertuie. Verder Wes is dit 4X4 wêreld waar 'n mens baie tyd moet hê en glad nie jammer vir beide die voertuig of eie lyf moet wees nie. Die Potlekkertjie sirkelroete neem maklik 'n hele voordag in beslag en saam met Lammertjiesleegte, heel oos, maak dit 'n voldag se plesier.




Wat vir Stefan vreemd en ook ontstellend was, was 'n eland karkas wat om en by drie dae oud was met slegs die oë uitgepik en effens gevreet om die bek. 'n Vreemde verskynsel in 'n park waar aasvoëls en roofdiere hierdie meevaller behoort te benut.



BIRDLIFE WESVAAL



Hierdie pragtige Rooioorlangstertjie (Rufous-eared Warbler), op die vlakte duskant die kamp, het vir ‘n oomblik sy kleure gewys.

Verder op in die Klipspringerpas was daar Korttoonkliplysters (Short-toed Rock Trush), Bokmakieries met kleintjies asook Witkeelkanaries (White-throated Canaries).



Op die vlakte was hierdie Karoolangbeklewerik Karoo-Long-billed lark. Let op sonder strepe op sy pens.

Hierdie Karoolewerik (Karoo Lark) wys duidelik strepe op sy pens tot onder sy stert (regs).



**Napier, Bredasdorp en Malgas**

Golwende bulte, gestroopte koringlande met weinig natuurlike renosterveld plantegroei nog behoue behalwe in die klofies.

Stefan het hier ‘n draai gaan maak om te kyk of hy die Overberglangbeklewerik (Agulhas Long-billed Lark) kon raakloop maar was nie suksesvol nie. Daar was darem volop Rooikoplewerikke (Red-capped Larks) en Dikbeklewerikke (Large-billed Larks). Tussen Napier oor Bredasdorp tot by Malgas aan die Breërivier het hulle sewe keer Bloukraanvoëls (Blue Cranes) gekry in groepe van twee tot 36. Hulle was dikwels saam met Kolganse (Egyptian Geese), Wildemakoue (Spur-winged Geese) en ander eende in die gestroopte lande om in die voloptyd die rondlê koring te benut.





Hierdie Kaapse Klappertjie (Cape Clapper Lark) (links) was ‘n lekker meevallertjie en die Dikbeklewerikke was baie volop gewees. Die laaste werkende pont in Suid Afrika is by Malgas oor die Breërivier en die lokale munisipaliteit neem jou GRATIS oor die rivier as na Swellendam toe. Dit kan seker net in die Kaap gebeur. Stefan het amper oorgegaan net om te kyk of dit waar is.





**ROOIELS**

Dit was Stefan se derde besoekpunt vir die Kaapse Berglysters (Cape Rockjumpers).



Altyd 'n bonus. Hulle is al gewoond aan die besoekers met kameras. Byna soos die krewe aan kookwater.



November is natuurlik broeityd en hier is ma met 'n vet mot by een van die kinders.

Die Kaapse Pietjiekanarie  (Cape Siskin) het wit punte aan sy vlerk- en stertvere wat hom onderskei van sy neef in die Drakensberg.



Hierdie wyfie het ook kleintjies gevoer en was veral doenig met die groeipunte van hierdie volop fynbos. Stefan kon nie agterkom of daar sade aan was of dit maar net die kind se groente was nie.



**KRANSVLEIPOORT**

Op pad terug via Calvinia was dit Stefan vierde besoekpunt vir die Witvlerkkanarie (Protea Seedeater). Hierdie kloof is gerieflik naby aan die N7 net 10 kilometer kan Clanwilliam af aan die Kaapse kant. Dit is ‘n grondpad deur ‘n smal kronkel kloof en ietwat stowwerig met heelwat voëls in die kloof. Die ander opsie is om by Clanwilliam oos deur die Olifantsrivier vloedvlakte te ry en dan met die Pakhuispas op tot bo-op die berg tussen die proteas.

Hier kiep-kiep daar kiep-kiep baie plesier.

*Stefan Heydenreich*

# VERWARRENDE VOËLS

| | **Grootstreepswael**<br>**Greater Striped Swallow** | **Kleinstreepswael**<br>**Lesser Striped Swallow** |
|---|---|---|
| **Kop** | Wit sykante aan kop gedeelte | Oranje sykante aan kop gedeelte |
| **Kleur** | Strepe vertoon lig aan onderlyf | Strepe duidelik aan onderlyf |
| **In vlug** | Onderlyf vertoon wit | Onderlyf vertoon donker |
| |  |  |

# VOORBLAD

## NUWEJAARSVOËLS

Nuwejaarsvoëls is broeiparasiete. Die Bontnuwejaarsvoël (Jacobin Cuckoo) gebruik hoofsaaklik die Kaapse Tiptol (Cape Bulbul), Swartoogtiptol (Dark-capped Bulbul) en die Fiskaallaksman (Southern Fiscal) as gashere om hulle kleintjies groot te maak. Die Gestreepte Nuwejaarsvoël (Levaillant’s Cuckoo) teiken weer katlagters as gashere veral die Pylvlekkatlagter (Arrow-marked babler).



Bontnuwejaarsvoëls lê een eier in die gasheer nes en verwyder nie die eiers van die tiptolle of ander gashere nie. Alhoewel die broei parasiet se eiers glad nie soos dié van die gasheer lyk nie, hulle is byvoorbeeld groter, effe kleurig en meer elipsvormig verwyder die gasheer nie die eier uit hul nes nie. Bontnuwejaarsvoëls se kleintjies is sterker as die gasheer kuikens en hulle oorleef eerder omdat die gasheer kuikens van honger doodgaan.

Gestreepte Nuwejaarsvoëls lê ook een eier per gasheer nes en alhoewel dié eiers se kleurpatrone eenders is as die gasheer sin is die eier groter en meer elipsvormig. Gestreepte Nuwejaarsvoëls beskadig soms een van die gasheer se eiers sodat die getal eiers in die nes dieselfde is. Gestreepte Nuwejaarsvoëls se kuikens word saam met dié van die gasheer grootgemaak.





Nuwejaarsvoëls word veral in die reënseisoen rondom nuwejaar gesien, en dit is waarskynlik waar die naam in Afrikaans vandaan kom. Die melanistiese vorm van die Bontnuwejaarsvoël is 'n pikswart kleur met wit gedeeltes op die vlerk.

Bron: Carnaby T, 2008. Beat bout the bush, Birds. Jacana Media, Cape Town

Die voorbladfoto is verskaf deur Ronel Roscher

## FOTOS EN BYDRAE

Alle voël foto's en bydrae is verskaf deur lede van BirdLife Wesvaal met gepaste bronne waar gebruik. Die Bestuur sê dankie vir julle bydrae om die Hoephoep interessant te maak.